Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 72
Julie 2017

<u>1 Kron 16:31</u> "Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, hulle moet onder die nasies verkondig: Die Here regeer."

Ons vakansie (rustyd) was aangenaam en vrugtevol. Ek en Johannes was die eerste week alleen Onrus toe en ons het die sonnige dae volgepak met heerlikhede. Ons het 'n groot kruis gemosaïek. Dit het ons 'n volle 3 dae geneem om dit te voltooi. Eers moes Johannes al die blou teëltjies (klein en groot) van die "mat" aftrek en langs mekaar pak. Dan gom ek 'n gedeelte en hy moet die teëls een-een aangee. Elke teël wat hy aangee, moet ek vir hom presies verduidelik watter kleur blou dit is. Die kruis lyk pragtig en hang nou by ons rooi voorhekkie by Damsingel 8 in die Strand.

Ons het ook baie kaart gespeel, met die rolstoel gestap om vit D in te neem, die kwekery besoek, ontbyt by die Plaaskombuis gaan eet, draairoomys by KFC en is bederf met 'n "tie" by Helene Uys. (Helene was 'n paar jaar terug een van Johannes se versorgers en het altyd van "tie" drink gepraat. Johannes vind dit steeds amusant!) Tuis in die Strand het Hein, Suzaan en Innè my afgelos en met Johannes baljaar terwyl ek na die begrafnis van my dierbare vriendin, Susan Roos, gegaan het of saam met vriendinne gekuier het. Rozanne het ons tuis besoek en tjop-tjop Johannes se hare netjies geknip. Baie dankie vir hierdie welwillendheid al vir 7 jaar!

Hein se uitreik na Merweville was baie suksesvol, verrykend en veilig. Ons dank die Here daarvoor. Hy het ook 19 geword op die 9e Julie en ons as gesin het by Neethlingshof gaan eet en die reënerige dag terdeë geniet.

Die derde kwartaal is in volle gang en almal is op hulle pos. Johan en Johannes het reeds 6,1km op die oefenfiets getrap, Johannes en Samantha praat Duits dat die spoeg spat, Marianne vertel van tektoniese plate, Elna van die Boereleiers, Sanet speel Wiskunde speletjies, Annette en Johannes praat die vyand se taal, Annamarie verduidelik die "vervelige" LO (soos Johannes dit noem), Elize doen arbeidsterapie, Suzaan verf en teken, die studente oefen en speel, Jeanne doen die Spraakterapie, Annelie oefen en rol oor die groot blou bal, Anneline doen Lyno-terapie, Phillip doen BSR, Kobie tokkel die kitaar, Riana knip naels, Chris sit blou rekkies om die tande en ek en Johannes doen heerlik Afrikaans in die sonnetjie as die tyd dit toelaat.

<u>Pittige sêgoed van Johannes:</u>

- Dink aan 'n negatiewe woord wat positief is? Ne(e)derig
- Ek vra vir Joh: "Is jy <u>se(e)</u>ker?" Hy sê: "Nee, ek is <u>oseaan</u>ker."
- Kan 'n OOI Rum (ram) drink?
- As jy koffiebone kan maal, kan jy dit deel ook?
- Wat gebeur met 'n teef as sy natreën? (reun)
- Hy sê: "Moenie soos 'n trein loop nie." D.w.s 2 rye spore
- Hy wou weet of "I will survive" 'n goeie liedjie is om op 'n begrafnis te speel? (Ek dink die mense wat agterbly, kan dit dalk nuttig vind.)

- Oor die volgende een het ek 'n hele dag gegiggel. Ek en Joh doen Afrikaans en ek vertel hom van Helen Keller wat nie kon hoor of sien nie. Later doen ons hersiening. Ek help hom en sê: "Johannes, Helen Keller kon nie wat en wat nie." Vlytig en vinnig antwoord hy: "Nie maal en deel nie."

IN:

Happy moments	Praise God
Difficult moments	Seek God
Quiet moments	Worship God
Painful moments	Trust God
Every moment	Thank God

<u>Judas 1:2</u> "Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word."

Baie dankie vir almal se gebede en ook vir die positiewe terugvoer na Vorderingsverslag 71. Die Smitte waardeer dit.

Tot volgende keer.
Anelé

Foto's Vorderingsverslag 72

Johannes in Onrus met 'n Hadidaveer in sy hoed

Die blou mosaïkkruis - vakansieprojek

Word bederf met 'n roomys

Johannes help stofsuig

Koffie drink bo-op ons strandhuis se dak

Afklim van die trappe (van die dak af)